# U3A STILBAAI

## NUUS
## 9 Oktober 2020

### MAANDELIKSE PRAATJIE

Maandag, 26 Oktober 2020 om 09h30
Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes

### DIE STILBAAI MUGGIE

**Deon Begemann**

Dr Begemann is 'n entomoloog wat, na 10 jaar by Onderstepoort, vir 33 jaar lank in die sitrusbedryf werksaam was. Hy en Ronelle het op Stilbaai kom aftree, en hier loop hy hom vas in Stilbaai se bytende muggie. Soos enige goeie wetenskaplike het Deon onmiddelik meer probeer uitvind oor hierdie muggie, en in sy praatjie vertel hy ons meer van hierdie formidabele klein insek.

Hy bespreek die geskiedenis en belang van die bytende muggies van Stilbaai omgewing. Onlangse wetenskaplike navorsing ter plaatse het ten doel om die biologie van die muggie te verstaan ten einde 'n beheer strategie te ontwikkel.

Die praatjie is in Afrikaans met die PowerPoint in Engels.

### Vergadering reëlings

Vir hierdie vergadering moet ons voldoen aan Covid-19 regulasies. Die volgende sal van toepassing wees:

1. Getalle wat in Die Waenhuis toegelaat word is beperk, dus sal ons besprekings moet neem vir die vergadering sodat mense nie onnodig opdaag nie. Die afsnydatum vir besprekings is Woensdag 21 Oktober om 17h00.
2. Besprekings sal in volgorde van ontvangs aanvaar word, ons sal almal in kennis hou van suksesvolle aansoeke. Die wat nie suksesvol is nie, sal op 'n waglys geplaas word indien iemand onttrek. Bespreek by info@u3astilbaai.org
3. Omdat lede getalle beperk word, sal geen besoekers toegelaat word nie.
4. Alle persone wat bywoon moet maskers dra; die wat naamkaartjies het moet hul asseblief dra. Met die instap sal jul temperature geneem en opgeskryf word – enige persoon met 'n temperatuur van 37.8°C of hoër sal nie toegelaat word nie.
5. Om kontak tot 'n minimum te hou, gaan ons nie nuwe lede inskryf en ledegelde ontvang nie.
6. Die wynloting sal wel gehou word, bring R5 saam vir 'n kans om 'n bottel baie goeie wyn te wen.
7. 'n Video van die praatjie sal mettertyd op ons webwerf beskikbaar wees sodat dié wat nie kon bywoon nie, die praatjie op hul eie tyd kan geniet.

## NEWS
## 9 October 2020

### MONTHLY TALK

Monday, 26 October 2020 at 09h30
Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai West

### THE STILBAAI MIDGE

**Deon Begemann**

Dr Begemann is an entomologist who, after 10 years at Onderstepoort, worked in the citrus industry for 33 years. He and Ronelle retired to Stilbaai, and came into contact with Stilbaai's biting midges. Like any good scientist, Deon immediately endeavoured to find out more about this midge, and in his talk he tells us more about this formidable small insect.

He discusses the history and importance of the biting midges of Stilbaai. The objective of recent scientific research locally is to better understand the biology of the midge in order to develop a control strategy.

The talk is in Afrikaans with the PowerPoint presentation in English.

### Meeting arrangements

For this meeting we must comply with Covid-19 regulations. The following will apply:

1. Numbers allowed in Die Waenhuis are limited, we will thus take bookings for the meeting so that people do not arrive unnecessarily. The cut-off date for bookings is Wednesday 21 October at 17h00.
2. Bookings will be accepted on a "first come first served" basis, we will keep you informed of successful bookings. Unsuccessful bookings will be placed on a waiting list in case of withdrawals. Book at info@u3astilbaai.org.
3. As numbers of members are restricted, no visitors will be allowed.
4. All persons attending must wear masks, those who have name tags must please wear them. On arrival your temperature will be taken and noted – any person with a temperature of 37.8°C or higher will not be allowed to enter.
5. To keep contact to a minimum, we will not register new members or collect any membership fees.
6. The wine raffle will be held, bring R5 for a chance to win a very good bottle of wine.
7. A video of the talk will be available on our website in due course so that those who could not attend, can enjoy the talk in their own time.

### COMMITTEE

Our AGM is the end of January 2021, and a new committee must be then be elected. Some of the

## KOMITEE

Ons AJV is einde Januarie 2021 en 'n nuwe komitee moet dan verkies word. Van die huidige komitee lede is nie beskikbaar vir herverkiesing nie, en ons vra nominasies vir nuwe lede. Persone wat belangstel om op die komitee te dien, kan ons kontak by info@u3atilbaai.org. Dit is nie baie werk nie, maar dit is tog belangrike werk.
Kragtens ons grondwet moet die komitee uit tussen 5 en 10 lede bestaan.

## GROEPE

Die volgende groep aktiwiteite vind plaas; onthou dat groep aktiwiteite is slegs vir lede van U3A Stilbaai:

- **Aandele Groep**: Die groep bly aktief. Kontak christoprins208@gmail.com.
- **Astronomie groep**: Die groep beplan om eers weer in 2021 te vergader; kontak Deon by begemannd@gmail.com as u by die groep wil aansluit.
- **Fotografie Groep**: Die groep vergader die tweede Maandag van elke maand om 18h00 in Die Waenhuis, enige lid wat belangstel kan Lawrence by barltrop@telkomsa.net kontak.
- **Neurowetenskap Groep**: Die groep begin nou weer vergader – die volgende vergadering is op Woensdag 14 Oktober om 14h00 in Die Waenhuis. Kontak asseblief vir Jenni by jennisharkey@gmail.com indien u belangstel.
- **Stapgroep**: Die groep stap elke Vrydag oggend. Die groep se nuwe sameroeper is Nico Steenekamp; kontak hom by nico.steenekamp@gmail.com.
- **Voëlgroep**: Kontak krysiastenvert@gmail.com indien u belangstel om by die Voëlgroep aan te sluit. Vergaderings van die groep en voëlkyk uitstappies sal eers weer in 2021 begin. Meer inligting oor die groep is beskikbaar op www.u3astilbaai.org/birdgroup.

## KOMENDE PRAATJIES …

Ons vergader nie in Desember nie, dus sal ons laaste vergadering hierdie jaar in November wees.
**Maandag, 30 November**: Karel Nel praat oor die Stilbaai Posprojek van 2020.
**Maandag, 25 Januarie 2021**: Ons eerste vergadering van 2021 sal ook ons Algemene Jaarvergadering wees. Die AJV sal baie kort gehou word en daarna sal Johan van Staden 'n praatjie lewer oor die maan.

current members are not available for re-election and we are calling for nominations for the committee. People who are willing to serve can contact us on info@u3astilbaai.org. It wont keep you too busy, but it is important work.
Our constitution determines that the committee must consist of between 5 and 10 members.

## GROUPS

Please note that Group activities are for members only. The following group activities are taking place:

- **Astronomy Group**: The group will only meet again in 2021. If you are interested in joining the group, contact Deon at begemannd@gmail.com.
- **Bird Group:** Contact krysiastenvert@gmail.com if you are interested in joining the group. Meetings of the group and birdwatching outings will only recommence in 2021. More information about the group is available on www.u3astilbaai.org/birdgroup.
- **Hiking Group**: There are hikes every Friday morning. Nico Steenekamp is the group's new convenor, contact him at nico.steenekamp@gmail.com
- **Neuroscience Group**: The group is now meeting again, the first meeting is on Wednesday 14 October at 14h00 in Die Waenhuis. Please contact Jenni at jennisharkey@gmail.com if you are interested.
- **Photography Group**: The group meets every second Monday of the month at 18h00 in Die Waenhuis. Any member interested can contact Lawrence at barltrop@telkomsa.net.
- **Shares Group**: The group remains active. Contact christoprins208@gmail.com.

## TALKS TO COME …

We do not meet in December, our last meeting this year will be in November.
**Monday, 30 November**: Karel Nel will talk about the Stilbaai Postal Project of 2020.
**Monday, 25 January 2021**: Our first meeting of 2021 will also be our Annual General Meeting. The AGM will be very short and after that Johan van Staden will give a talk about the moon.

©2020. U3A Stilbaai. www.u3astilbaai.org; info@u3astilbaai.org.